

Donderdag 12 Mei

Skrifgedeelte: Joël 2:28-32

Fokusgedeelte: Joël 2:28, 29 (1983- of 2020-vertaling)

Die dag van die Here is naby

Die verwoesting wat ruspes en sprinkane aanrig in die veld en aan gewasse, is bekend aan elke boer in Suid Afrika. Maar volgens die profeet Joël is die grootste tragedie nie die ekonomiese impak wat plaë, pandemies en pessiëktes op die land het nie, maar die onvermoë van God se kinders om Hom te verstaan en die regte manier om daarop te reageer!

Volgens Joël is die dag van die Here naby, en die volk moet hulle na die Hom toe draai, want Hy is genadig en barmhartig (Joël 2:13). Op die dag van die Here sal die Here sy Gees op almal van sy volk uitstort, op die seuns en dogters, op die oumense en jongmense, op die slawe en slavinne. God sal op 'n genadige wyse aan sy kinders voorsiening maak en hulle beskerm.

Volgens Numeri 11:25 het die Here die Gees, wat op Moses was, weggeneem en op 70 oudstes laat kom, wat hulle in staat gestel het om vurig te profeteer. Nou belowe die Here dat die Gees op al sy kinders uitgestort gaan word. Daar is dan nie meer tussengangers nodig tussen Hom en sy kinders nie, en almal sal die Here ken en van Hom vertel. Met die Heilige Gees in hulle harte sal die kinders van God weet wat Hy aan hulle wil sê en op die regte manier daarop reageer. Petrus het jare later tydens sy toespraak net ná die uitstorting van die Heilige Gees Joël 2:28 en 29 aangehaal as motivering hoekom mense van alle tale en volke van God vertel het.

Die grootste tragedie in ons lewe is nooit 'n pandemie wat ons tref of die ekonomiese impak daarvan op ons lewe nie, maar as ons nie meer weet wat die Here vir ons wil sê of op die regte manier reageer nie! En daarvoor is die Heilige Gees aan ons gegee!

Sing: Psalm 25-1:2

Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)